**21 Mei**

## Die Here laat sy koninkryk kom

**Skrifgedeelte: Psalm 68:1-19**

Hierdie psalm besing die heerlike en triomfantlike regering van die God van Israel. Daar is talle duidelike verwysings na God se triomfantlike opmars van die berg Sinai (in Moses se tyd) na die Sionsberg (in Dawid se tyd).

Die gebeure by Sinai dui op die geboorte van die koninkryk van God onder sy volk. Die vestiging van die ark van die verbond, simbool van die troon van God, in Jerusalem, dui op die vestiging van God se koninkryk op aarde, met Jerusalem as die koninklike stad.

Na aanleiding van Efesiërs 4:8-13 sien die kerk hierdie triomfmars in die opstanding, hemelvaart en regering van Christus en in sy finale oorwinning oor die vyandige wêreld voortduur. Die Here sorg vir sy kerk deur die gawes wat Hy aan die kerk gee om strydende kerk te wees en sy taak te volbring.

Dit is ’n heerlike troos om te weet dat die Here sy koninkryk laat kom, ten spyte van al die teenstand en vyandigheid; ook al lyk dit vir ons baie keer of die Bose die oorhand het en die kwaad floreer.

Jesus Christus se opmars deur die geskiedenis is ’n triomfmars op pad na die voleinding. En in sy triomftog sorg Hy vir sy kerk sodat dit bly stry en eindelik in sy Naam oorwin.

*Sing: Onse Vader*

*Dr. F van der Walt (Emeritus)*